

Volledig Afrikaanse vertaling van tweetalige videoteks.

Virtuele toekenning van grade, diplomas en sertifikate deur die Universiteit Stellenbosch (alle fakulteite), vir die gradeplegtighede wat oorspronklik vir 31 Maart tot 3 April 2020 beplan is

Aanlyn uitsending om 14:00 op 3 April 2020 (www.youtube.com/user/StellenboschUni/videos)
Name en kwalifikasies in aanlyn-publikasie (via www.sun.ac.za)

1. VERWELKOMING

Dr Ronel Retief, Registrateur:

Dagsê almal. Welkom by hierdie virtuele toekenning van kwalifikasies, 'n formele plegtigheid van die Universiteit Stellenbosch in buitengewone omstandighede.

Volgens die Universiteitsalmanak moes ons hierdie week ons herfsgradeplegtighede gehad het. Maar as gevolg van die landwye inperking om die verspreiding van die koronavirus te probeer stuit, was dít onmoontlik.

Nietemin wou ons, as universiteitsgemeenskap, steeds ons studente se prestasies vier. Daarom het ons besluit om hierdie virtuele geleentheid te hou. So kan ons bymekaarkom, al is dit aanlyn, om ons studente geluk te wens en hulle ook 'n kans te gee om hulle vreugde met familie en vriende te deel.

Ons nuwe Kanselier, regter Edwin Cameron, afgetrede regter in die Konstitusionele Hof, sal binnekort grade, diplomas en sertifikate in absentia aan al ons kwalifiserende kandidate toeken. [So, maak reg!]

Ek lig net vinnig twee belangrike punte uit:

Jy sal steeds die geleentheid hê om by ons Desember-gradeplegtighede oor die verhoog te stap, na gelang van hoe die COVID-19-situasie ontvou.

En al kan ons weens die inperking nie nou jou kwalifikasie aan jou pos nie, sal jy dit ontvang sodra dit moontlik is. Ons hou jou op ons webtuiste op hoogte – www.sun.ac.za.

Daarmee is dit dan nou oor na ons Kanselier, regter Edwin Cameron ...

2. VERLENING VAN KWALIFIKASIES

Regter Edwin Cameron, Kanselier

Dis vir my 'n besondere voorreg en ook 'n plesier om vanmiddag by hierdie plegtigheid te kan voorsit – my eerste ampsvervulling as Kanselier.

Ek het ook 'n graad aan die Universiteit Stellenbosch verwerf – baie jare gelede, meer as waaraan ek graag herinner wil word.

So, dit is vir my nogal 'n aanpassing om te dink dat ek, in my amptelike hoedanigheid, vanmiddag die een is wat die grade namens die Universiteit sal toeken – 'n besondere eer juis omdat dit my eerste taak as die Universiteit se nuwe Kanselier is.

Natuurlik ervaar ons almal tans enorme aanpassings. In ons persoonlike lewe, gesinslewe, ons land sowel as internasionaal vanweë die COVID-19-ramp. Maar soos president Cyril Ramaphosa gesê het toe hy 'n paar weke gelede 'n nasionale ramptoestand afgekondig het, ons is saam hierin en ons sal saam hierdeur kom, en sterker daarby.

Ek is besonder trots daarop dat die Universiteit Stellenbosch aan die voorpunt staan van ons nasionale reaksie op hierdie ramp. Ten eerste is daar wêreldklas-navorsing wat by die US plaasvind. Ten tweede is daar ons gesondheidsorgwerkers en mediese personeel en gegradueerdes. Ten derde is daar ons personeel en studente wat aansienlike aanpassings maak vir afstandslere en -onderrig. Ons is saam hierin.

Ons het vandag met hierdie virtuele plegtigheid die vreugde om meer as 3 000 diplomas, sertifikate en grade toe te ken. Dit bring die totale getal kwalifikasies wat die US vir die akademiese jaar 2019 toegeken het op meer as 9 000 te staan – ’n reuseprestasie.

Gelukwense aan u wat vandag erkenning ontvang vir u toewyding en harde werk. Geluk ook aan u gesins- en familieledes wat u bygestaan het, en die skenkers en vriende wat ook daar teenwoordig was.

Saam met die geweldige geleentheid wat die US elkeen gegun het, kom daar ook verantwoordelikhede – die verantwoordelikheid om die geskenke, kundigheid en geleentheid wat ons van die US ontvang het in ons land terug te ploeg.

Nou is dit vir my besonder aangenaam om tot die formele verrigtinge oor te gaan. Kragtens die bevoegdhede wat die Statuut van die Universiteit Stellenbosch en die wette en die Grondwet van hierdie land aan my as Kanselier verleen, ken ek hiermee die grade, diplomas en sertifikate toe wat in die gradebrosjures vir hierdie gradeplegtigheidseisoen verskyn. Die name sal aanlyn gepubliseer word, en is ook in die brosjures te kry.

Ek sien daarna uit om julle van aangesig tot aangesig te sien in Desember, wanneer die ramp wat ons land en die wêreld nou in sy greep het agter die rug sal wees. Ons sal dan gradeplegtigheid hou.

3. AFSLUITING

Professor Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier:

Baie dankie, Kanselier. Hierdie is beslis ’n geleentheid wat ons nooit sal vergeet nie.

Veels geluk aan al ons nuwe gegradueerdes. Welgedaan! Ons is baie trots op julle.

Onthou asseblief dat die Universiteit Stellenbosch altyd jou akademiese tuiste sal wees. Eenmaal ’n Matie, altyd ’n Matie!

Besoek ons aanlyn-alumniplatform, www.matiesconnect.com, om in verbinding te bly met jou vriende, werksgeleenthede en ’n mentor te vind, en netwerke te bou – alles op een plek. Ons ervaar nou, meer as ooit vantevore, presies hoe belangrik dit is om in verbinding te bly met mekaar. Behou daarom asseblief kontak met jou almal mater.

Ek wil graag dankie sê aan elke lid van ons universiteitsgemeenskap wat ons deur hierdie moeilike tyd help. Ek waardeer julle harde werk en opofferings.

Laastens, kom ons stuit die virus. Bly asseblief tuis totdat die inperking opgehef word. En as jy móét uitgaan, maak seker jy handhaaf ’n veilige afstand van ander mense, moenie aan jou gesig raak nie, en onthou om jou hande te was of te ontsmet.

Alles van die beste, tot weersiens ...